Scriptura 16 (1985), 1-16

# DIE WOORD, WAARHEID EN (NUWE-TESTAMENTIESE) WETENSKAP (1)

Jacques Rousseau
Departement Bybelkunde
Universiteit van Port Elizabeth

ABSTRACT: The Word, Truth and (New Testamentical) Science

The philosophy of science nowadays emphasizes that our knowledge of truth is neither absolute nor relative, but relational. This is also true of our knowledge of God and Scriptures. This should not come as something strange to Christians, for the preliminary and relational nature of truth reflects the very essence of Biblical eschatology as well as the teachings of Jesus. In practice, however, Christians and theologians often operate with absolutized or objective truths. This is then mainly responsible for the impasse and tension amongst Christians in their opposing interpretations of the Bible. An analysis of some of the conflicting results of New Testament research confirms that even science, with its meticulous efforts to grasp the truth, will have to acknowledge the relational nature of truth. Therefore a new appreciation of the eschatological and Christological structure of the New Testament could create a new perspective, freedom and style in our search for ultimate truth.

---

1 Met waardering opgedra aan my vriend en kollega, prof. dr. Wentzel van Huyssteen, as huldeblyk vir sy eerste 25 jaar as "voltydse teologiese student", en sy unieke bydrae om die teologie in Suid-Afrika 'n geloofwaardige en gerespekteerde staanplek onder die wetenskappe te gee.

* * * *

## 1. DIE WOORD EN DIE WAARHEID.

Hoe ernstig moet ons die basiese eskatologiese struktuur van die Nuwe-Testamentiese boodskap opneem? En as ons as gelowiges dit wel ernstig opneem, is die volgende vraag of dit alleen maar te make het met die wederkoms van Jesus Christus op sigself? Na my mening sou dit 'n verskraling wees van die Nuwe-Testamentiese eskatologie, aangesien dit ook ingrypende implikasies het vir ons wetenskapsbeoefening, soeke na die waarheid en lees van die Bybel (vgl my artikel in Scriptura 11 1984:68, 74).

Dink vir 'n oomblik aan die implikasies van Jesus se lering wanneer Hy sy dissipels in sy bergrede (volgens Matteus se beskrywing) oproep om die "koninkryk van God te soek" (6:33) in "totale afhanklikheid" (6:18-33) en met "besef van hulle eie beperkinge" (5:1-12, 7:1-12). Dink wat dit vir ons inhou as Paulus aan die selfversekerde en godsdienstig gearriveerde Korintiërs sê dat "ons nou nog deur 'n spieël in 'n raaisel sien", en dat "ons nou slegs ten dele ken" (1 Kor 13:13) ten spyte van hulle veelgeroemde gawes van profesieë, tale en uitleggings (1 Kor 12-14), of as hy aan die Tessalonisense sê om "alles" (by name die profesieë) aan toetsing te onderwerp (1 Tess 5:21-23), sodat hulle onberispelik kan wees by die wederkoms van Jesus Christus. Natuurlik het elkeen van hierdie gedeeltes (wat ek sou kon vermenigvuldig) hul eie besondere en konkrete konteks waarbinne die uitsprake gemaak is. Die implikasies van hierdie eskatologiese struktuur, onderliggend aan feitlik alle Nuwe-Testamentiese geskrifte, is egter duidelik, naamlik dat ons totale bestaan in terme van voorlopighede geskets word, en dit ten spyte van, of juis in, die lig van God se beslissende spreke deur Jesus Christus. Daarom het die Bybel se eskatologie nie slegs te make met die wederkoms as sodanig nie, maar ook met ons voorlopige en gebrekkige kennis van God en sy werklikheid. Dit is wesenlik deel van die Christelike paradigma of lewens- en wêreldbeskouing wat die vroeg-Christelike kerk gekoppel het aan die persoon en verkondiging van Jesus van Nasaret. Daarom is die "reeds" van God se spreke in en deur Jesus Christus duidelik gekwalifiseer deur 'n "nog nie", wat nog geopenbaar en vervul moet word. Dit geld vir die hele spektrum van die Christelike lewe wat onder meer ons heiligmaking (vgl die indikatief-imperatiewe struktuur van die Christelike etiek) en ons kennis van God en sy werklikheid (vgl hierbo) insluit.

Dit is jammer dat baie lidmate, teoloë en wetenskaplikes hierdie wesensstruktuur van die Christelike geloof nie ernstig neem nie. Ons sou dalk meer waardering gehad het vir 'n relasionele waarheidsbegrip soos voorgestel in die Nederlandse Rapport (1981:9-14) en Van Huyssteen en Du Toit se positiewe reaksie daarop (1982:1-9), as ons die implikasies van die Bybel se eskatologie deurdink het. Daarteenoor (en met baie emosie) verdedig baie 'n objektiewe waarheidsbegrip - dit wil sê dat ons ten volle kan ken, en alle antwoorde het op wat rëg en wat verkëërd is. So 'n waarheidsbegrip bepaal uiteraard die wyse waarop baie gelowiges met die Skrif omgaan, en hoe hulle dit gebruik. Dit is dan ook primêr verantwoordelik vir groepvorming en spanning in die kerk. So word die Skrif fundamentalisties gebruik om verskillende waarhede te bepaal, en word dit onder meer gelyk gestel aan een of ander politieke beleid (hetsy KP-, PFP- of NP-beleid); aan 'n ortodokse of charismatiese benadering; aan die regverdiging of verwerping van die Status Confessionis van die NG Sendingkerk of aan die Gereformeerde of Roomse leer. So asof daar nie ware, wedergebore, Skrifgetroue en Geesverdulde Christene in al die genoemde kampe is nie. Die senutergende vraag wat aan almal bly knaag en onbeantwoord gelaat word, is naamlik as waarheid dan so objektief en so duidelik was, hoekom het ons oor soveel eeue so oneindig baie moeite om mekaar te oortuig? Miskien sou ons veel nader aan 'n oplossing gewees het as ons as Christene iets begryp het van die relasionele aard van waarheid (wat myns insiens Christelik te verantwoord is sonder om noodwendig alles in die Rapport te onderskryf). Ons sou minstens geweet het dat ons antwoorde en leerstellinge beperk en feilbaar is, omdat mense (ook gelowiges, waarby die kerk en sy sinodes ingesluit is) altyd vanuit 'n bepaalde hoek (godsdienstig of polities of ekonomies, ensomeer) na 'n saak kyk. Iets is vir my waar vanuit my agtergrond en opvoeding en met die feite tot my beskikking op 'n gegewe oomblik. Daarmee word nie ontken dat daar waarheid is nie, maar dat ons dit net relasioneel en ten dele kan ken!

## 2. DIE (NUWE-TESTAMENTIESE) WETENSKAP

Hierdie voorlopige en relasionele karakter van ons kennis is nie slegs waar vir die man op straat en Skrifgetroue gelowiges ( vgl die vorige paragraaf) nie, maar is ook waar in die wetenskap waar geleerdes (ironies genoeg) juis met groot noukeurigheid die waarheid probeer navors en vasvang. Die Bybelse Wetenskappe - by name die Nuwe-Testamentiese Wetenskap - is geen uitsondering nie. In die Inleidingswetenskap, waar die navorsingsresultate met betrekking tot die Nuwe Testament hul neerslag vind, vind ons dikwels verskillende

(selfs weersprekende) interpretasies en verklarings van dieselfde Nuwe-Testamentiese geskrifte.

In 'n vergelyking tussen twee standaardwerke oor die Inleidingswetenskap, te wete Introduction to the New Testament van W G Kümmel (1975) en New Testament Introduction van D Guthrie (1970) vind ons dat hulle interpretasie van navorsingsresultate met betrekking tot die Nuwe Testament dikwels radikaal verskil. Met dieselfde getuienis en bronne voor hulle, kom hulle tot verskillende gevolgtrekkings. Hoewel ons ten spyte van al die verskille nie die ooreenstemmings tussen Kümmel en Guthrie uit die oog moet verloor nie, sal ons tog moet probeer om 'n antwoord te vind op die soms ingrypende verskillende konklusies waartoe die twee geleerdes kom. Immers, die vraag is: spreek feite dan nie vir hulleself nie? Is dit dan nie moontlik dat 'n mens agter die waarheid kan kom nie? Omdat hierdie vrae direk van belang is vir 'n waarheidsbegrip, en die implikasies daarvan vir die wetenskap en die teologie ingrypend is, moet ons probeer om redes te vind waarom hulle van mekaar verskil, en uiteindelik ook antwoorde bied om hierdie dilemma te bowe te kom.

Laat ons egter eers kyk wat die verskille tussen hierdie twee geleerdes behels voordat ons redes probeer vind om dit te verklaar. Die verskille tussen Kümmel en Guthrie blyk veral in hulle verskillende evaluerings van die eksterne en interne getuienis van die Nuwe-Testamentiese geskrifte. As illustrasie neem ek vier Nuwe-Testamentiese geskrifte as voorbeelde: die Matteus-evangelie as deel van die sinoptiese evangelies; die Johannes-evangelie vanuit die Johannese korpus; Efesiërs vanuit die Pauliniese korpus, en Jakobus as deel van die algemene briewe.

## 2.1 Verskillende evaluerings van die eksterne getuienis

Ons vind 'n basies kritiese ingesteldheid by Kümmel met betrekking tot die tradisie van die vroeë kerk oor die ontstaan van die Nuwe Testament (1975:52-55). Kümmel trek Eusebius se aanhalings van wat Papias oor die ontstaan van die sinoptiese evangelies en die Johannes-evangelie gesê het, in twyfel. Verder heg Kümmel ook nie veel waarde aan die tradisie dat Jakobus, die broer van Jesus, die Jakobusbrief, en Paulus die Efesiërbrief geskryf het nie (1975:405-7, 357).

Guthrie se basies behoudende standpunt veronderstel dat daar geen rede is om sterk eksterne getuienis in twyfel te trek nie. Alleen maar wanneer die interne getuienis ondubbelsinnig die eksterne getuienis weerspreek, kan die betrokke tradisie verwerp word (1970:220-2). So vind ons dat Guthrie meer waarde heg aan Papias se woorde soos deur Eusebius aangehaal met betrekking tot die ontstaan van die sinoptiese evangelies en die Johannes-evangelie (1970:33-4, 258). Verder aanvaar hy ook die tradisies met betrekking tot die outeurskap van die Jakobusbrief en die Efesiërbrief (1970: 736-58, 479-508).

Hierdie verskillende evaluerings van die eksterne getuienis verklaar uiteraard heelwat van die verskille tussen Kümmel en Guthrie. Albei skrywers beskou egter die interne getuienis as deurslaggewend in die evaluering van inleidingsvraagstukke.

## 2.2 Verskillende evaluerings van die interne getuienis

Interne getuienis is die gegewens wat uit die geskrifte self afgelei word met betrekking tot taal en styl, teologie, literêre afhanklikheid en historiese data (byvoorbeeld outeurskap, adressante, gemeentesituasie en datering).

### Taal en styl

1. In die sinoptiese evangelies word taal- en stylargumente onder meer gebruik om te bepaal of 'n ooggetuie aan die woord is, al dan nie. Die kriterium is die lewendigheid van die styl, asook die taalgebruik van die outeur, waaruit afgelei kan word of hy byvoorbeeld 'n Jood of 'n nie-Jood was. Met betrekking tot Matteus vind ons dat Kümmel tot die gevolgtrekking kom dat die Matteus-evangelie nie deur die apostel Matteus geskryf kon gewees het nie, juis op grond van die lewendige taalkundige oorwegings (1975:121). Daarteenoor is Guthrie se gevolgtrekking dat die taalgebruik sowel as die minder lewendige styl nie teen apostoliese outeurskap ingebring kan word nie, aangesien die eie aard van die betrokke evangelie in ag geneem moet word (1970:42).

2. Dieselfde probleem vind ons by die Johannes-evangelie. Kümmel verwerp apostoliese outeurskap weens die laat-gnostiese taalgebruik (1975:245), terwyl Guthrie opmerk dat dit vroeg-gnostiese taalgebruik is, en dus apostoliese outeurskap bevestig (1970:322). Hulle verskil ook daaroor of die taal en styl aan 'n Joodse (Guthrie)

of 'n nie-Joodse Christen (Kümmel sê albei is moontlik) toegeskryf moet word, wat uiteraard implikasies het vir apostoliese outeurskap, aangesien Johannes tog 'n Jood was.

3. Kümmel voer taal- en stylargumente aan om te bewys dat Paulus nie die skrywer van die Efesiërbrief kon gewees het nie. Hier word veral van woordstatistieke en taalverskille as argumente gebruik gemaak (1975:358). Guthrie se gevolgtrekking is dat daar genoeg ooreenstemmings is om dit Paulinies te verklaar, en dat die verskille op grond van die eie aard van die brief verklaar kan word (1970:491-2).

4. In die Jakobusbrief word die uitstekende Griekse taalgebruik van die skrywer as onversoenbaar gesien met Jakobus, die broer van Jesus, as eenvoudige Palestyn (Kümmel 1975:412-3). Daarteenoor sê Guthrie dat Jakobus goed tweetalig kon gewees het, en dit dus nie in die pad staan om Jakobus as skrywer te identifiseer nie.(1970:747-9).

Teologie

1. Die argument rondom die teologie van die sinoptiese evangelies het te make daarmee of die betrokke evangelie se teologie teruggaan op 'n ooggetuie/apostel, en of dit gemeente-teologie is. Dit het uiteraard implikasies vir die datering en outeurskap van die evangelies. Kümmel kom tot die gevolgtrekking dat die ontwikkelde teologie van Matteus op 'n datering tussen 80-100 n.C. dui (1975:119-20). Guthrie reken dat die teologie betroubare Jesus-oorlewering is, en dus nie so laat gedateer hoef te word nie (1970:45).

2. Kümmel sien die besondere teologie (veral in vergelyking met die sinoptici) van die Johannes-evangelie as onversoenbaar met apostoliese outeurskap (1975:234), terwyl Guthrie dit nie teen apostoliewe outeurskap hou nie (1970:323-28).

3. Uit die teologiese verskille tussen Efesiërs en die ander Pauliniese literatuur lei Kümmel af dat Paulus nie die skrywer van Efesiërs kon gewees het nie (1975:360). Daarteenoor voer Guthrie aan dat die verskille minimaal is, en juis makliker te verklaar is as Pauliniese outeurskap aanvaar word (1970:503-7).

4. In die Jakobusbrief gaan dit om die teologiese verhouding tussen Jakobus en Paulus in sake die geloof-werke-kwessie. Kümmel dateer die Jakobus-brief teen die einde van die eerste eeu, juis om die teologiese afstand tussen Jakobus en Paulus te verklaar (1975:414-16). Guthrie wys egter op die noue verband tussen Jakobus en Jesus se leringe, wat dan 'n vroeë datering noodsaak, asook bevestig dat Jakobus, die broer van Jesus, die skrywer is (1970:743, 761-4).

Literêre afhanklikheid

1. In die sinoptiese evangelies raak die literêre afhanklikheid die hele kwessie van die sinoptiese vraagstuk (wat nie hier in detail behandel kan word nie). Die hele probleem sentreer rondom die vraag na die verskillende invloede wat op die sinoptiese tradisie ingewerk het. Verskillende faktore word gewoonlik uitgewys, naamlik die persoon van Jesus, die apostels, mondelinge en skriftelike tradisie-oorlewering, gemeente-teologie, Sitz im Leben en redaksionele arbeid. Ook hierin loop Kümmel en Guthrie se paadjies uiteen. Die verskille kom kortliks hierop neer: Kümmel gee 'n langer tydperk as Guthrie vir die mondelinge oorlewering voordat dit skriftelike neerslag gevind het; Guthrie beklemtoon Jesus self as die oorheersende invloed op die sinoptiese tradisie, terwyl Kümmel meer ruimte aan gemeente-teologie toelaat; Kümmel verklaar die literêre afhanklikheid van die sinoptiese evangelies in gemeenskaplike skriftelike bronne (Mk en Q), terwyl Guthrie weer die gemeenskaplike mondelinge tradisies (Q) beklemtoon.

Hierdie verskille word duidelik onderstreep in hulle bespreking van die Matteus-evangelie (Kümmel 1975:105-19 en Guthrie 1970:121-88). Die literêre verband van die sinoptiese evangelies is ook beslissend vir die datering van die evangelies. Die beskouing dat Markus die primêre bron is, maak 'n datering na Matteus en Lukas na Markus noodsaaklik. Dit is veral belangrik vir Kümmel, omdat hy die ontwikkeling van die sinoptiese evangelies liniêr sien. By Guthrie skemer dit hier en daar deur dat daar moontlik parallelle ontwikkelings in die totstandkomning van die sinoptiese evangelies was. Dit maak uiteraard die prioritieit van Markus relatief, en laat groter ruimte vir die datering van Matteus en Lukas voor 70 (1970:45-6, 115).

2. Wat die Johannes-evangelie betref, raak dit die probleem van die ingrypende verskille tussen die Johannes- en die sinoptiese evangelies. Kümmel sowel as Guthrie wys literêre afhanklikheid van

die geskrewe sinoptiese evangelies af, asook enige literêre afhanklikheid van enige ander geskrewe bron (Kümmel 1975:200-17 en Guthrie 1970:303-9). Kümmel en Guthrie onderskei albei ook 'n bepaalde religionsgeschichtliche agtergrond (voortspruitend uit die vroeë Christendom, die Judaïsme en die vroeë gnostiek) vir die Johannes-evangelie. Ten spyte van hierdie merkwaardige ooreenstemmings tussen Kümmel en Guthrie, kom hulle tot verskillende gevolgtrekkings met betrekking tot outeurskap.

3. In die brief aan die Efesiërs is die twispunt of Efesiërs literêr afhanklik was van Kolossense, al dan nie. Op grond van woordstatistieke en die woordelikse aanhaling van onder meer Kolossense 4:7 in Efesiërs 6:21, is Kümmel se gevolgtrekking dat dit wel die geval is. Daarom voer hy aan dat die Efesiërbrief geskryf is deur 'n pseudonieme skrywer wat afhanklik was van die Kolossensebrief (1975:346, 358-63). Daarteenoor voer Guthrie aan dat die ooreenkomste tussen die twee briewe juis 'n bewys is van dieselfde skrywer. Dit sou dan ook die verskille beter verklaar, aangesien 'n skrywer onder 'n skuilnaam juis verskille beter sou probeer verdoesel het. Waarskynlik is hierdie geskrifte dan kort na mekaar deur Paulus geskrywe (Guthrie 1970:492-96).

4. Kümmel sowel as Guthrie wys op die Jakobusbrief se literêre afhanklikheid van die Ou Testament en Jesus-woorde (Kümmel 1975:407-11 en Guthrie 1970:741-44). Hierdie ooreenstemmings verhoed egter nie dat hulle die datering en outeurskap van die brief verskillend beoordeel nie.

Historiese gegewens

1. In die sinoptiese evangelies vind ons dat Kümmel en Guthrie verskil in hul interpretasies van die evangelies se verwysings na die val van Jerusalem. Kümmel voer aan dat dit ex eventu in die Matteus-evangelie beskryf word, en dit dus na 70 gedateer moet word (1975:119), terwyl Guthrie meen dat hierdie verwysings na die val van Jerusalem nie noodwendig daarop hoef te dui dat Matteus ná 70 geskryf is nie (1970:45).

2. In die Johannes-evangelie vind ons sekere belangrike historiese inligting vanuit die argeologie en die Religionsgeschichte. Die datering van die Rylands-papirus vroeg in die tweede eeu voorsien ons van 'n terminus ad quem vir die ontstaan van die Johannes-evangelie. Verder dwing Ignatius se aanhaling van die evangelie ons

om dit voor 110 n.C. te dateer. As ons saam met Guthrie die apostel Johannes as skrywer aanvaar, moet ons die evangelie voor 100 dateer, aangesien Johannes tussen 95 en 100 n.C. gesterf het (volgens Ireneus se getuienis). As ons nie-apostoliese outeurskap saam met Kümmel aanvaar, kan ons dit selfs ná 100 dateer, maar in elk geval vóór 110 n.C.

3. As pseudonieme geskrif dateer Kümmel die Efesiërbrief tussen 80 en 100 n.C. (1975:364-6), terwyl Guthrie Pauliniese outeurskap aanvaar en dit ongeveer in 60 dateer, tydens Paulus se gevangenskap in Rome (1970:515).

4. Teenoor Kümmel se datering van die Jakobusbrief teen die einde van die eerste eeu (1975:411-4), dateer Guthrie die brief tussen 52 en 62 n.C. Omdat Jakobus, die broer van Jesus, in 62 gesterf het, moet Guthrie dit voor daardie tyd dateer (1970:761-4). Guthrie interpreteer die ontbreking van 'n beskrywing van die val van Jerusalem, sowel as die situasie van vervolging wat in die brief weerspieël word, as 'n aanduiding dat dit in die vyftiger- en sestigerjare van die eerste eeu geskryf is. Kümmel gebruik dieselfde argumente as bewys vir 'n laat datering, dit wil sê teen die einde van die eerste eeu.

## 3. VEELKLEURIGE WAARHEID?

Bogenoemde ekskursie illustreer baie duidelik dat dit selfs binne die kader van wetenskapsbeoefening uiters problematies is om met 'n objektiewe waarheidsbegrip te werk. Dit geld nie alleen vir die teologie nie, maar vir alle wetenskappe met hul wyduiteenlopende teorieë, om die verskillende werklikheidsverskynsels te verklaar. Ook op kerklike en geloofsvlak vind ons wyduiteenlopende (en selfs teenoorstaande) interpretasies van dieselfde Bybel (vgl maar die talle teologiese en etiese verskille en geskille tussen denominasies en gelowiges). Op een of ander wyse moet ons verklarings vind vir die ingrypende verskille in die verstaan van die Bybel. 'n Belangrike verklaring daarvoor vind ons juis in die relasionele waarheidsbegrip, waar die persoonlike hoek waaruit elke mens na 'n objek kyk, beklemtoon word. Die vergelyking tussen Kümmel en Guthrie beklemtoon dit.

1. Eerstens verklaar hul kerklike en teologiese agtergrond hul basiese benadering tot die Nuwe-Testamentiese Wetenskap. Werner Georg Kümmel het van huis uit grootgeword binne die Duitse

teologie en sy histories-kritiese benadering. Hoewel hy nie tot die radikale stroom behoort nie, aanvaar hy die historiese kritiek as die algemeen aanvaarde werkswyse binne die teologie. Hierteenoor behoort Donald Guthrie aan die behoudende evangelical movement in Engeland, wat veral klem lê op die boodskap en prediking van die evangelie. Dit is dus duidelik dat Kümmel en Guthrie binne totaal verskillende akademiese en kerklike paradigmas beweeg, elk met sy eie spelreëls.

2. Bogenoemde verklaar ook hul verskillende werkswyses of metodologiese benaderings tot die Nuwe Testament-inleiding. Kümmel beklemtoon dat die Inleidingswetenskap 'n historiese wetenskap is. Daarom is sy primêre belangstelling om met behulp van die histories-kritiese metode die ontstaan en ontwikkeling van die Nuwe Testament na te vors (Kümmel 1975:28-34). Daarteenoor beskou Guthrie die historiese vrae oor die ontstaan en ontwikkeling van die Nuwe Testament ondergeskik aan die waardering van die geskrifte as gesaghebbend en geïnspireerd deur die Heilige Gees (1970:13-20, 188-237).

Hierdie basiese verskil in benadering (wat natuurlik regstreeks in verband staan met hul agtergrond) is ook die sleutel tot die verskille tussen Kümmel en Guthrie. Hul basiese voor-veronderstellings en benaderings verskil, en dit beïnvloed hul evaluering van sowel die eksterne as die interne getuienis van die Nuwe-Testamentiese geskrifte.

3. Hierdie verskillende benaderings tot hul studie-onderwerp verklaar ook meteen Kümmel se bevraagtekening enersyds, en Guthrie se aanvaarding andersyds, van die eksterne getuienis rondom die outeurskap van die Nuwe-Testamentiese geskrifte. Guthrie aanvaar die eksterne getuienis totdat die teendeel bewys word, terwyl Kümmel dit alleen aanvaar in soverre dit ooreenstem met sy navorsingsresultate. So vind ons dat die historiese en redelike verklaring van verskynsels 'n kardinale rol in die historiese kritiek speel. In 'n kanonies-behoudende benadering word die tradisionele sieninge rondom die Bybel ernstig opgeneem. Dit verklaar Kümmel se relatief vryer siening rondom apostoliese outeurskap teenoor Guthrie se konsekwente verdediging daarvan, ten spyte van die feit dat albei dit eens is dat apostoliese outeurskap nie die enigste maatstaf vir kanonisiteit is nie.

4. Dit is fassinerend dat Guthrie se klem op die geskrif, sy boodskap en die aanbieding daarvan ook onder meer blyk uit sy

formele bespreking van die Matteus- en Johannes-evangelie. Hy begin kronologies eers by die karaktertrekke van die geskrif voordat hy die literêre probleme bespreek. Daarteenoor (amper voorspelbaar?) val Kümmel weg met die literêre probleme van die geskrifte. So begin Kümmel ook eers met die bespreking van die sinoptiese vraagstuk voordat hy die evangelies afsonderlik in hul eie reg behandel. Guthrie doen net mooi die teenoorgestelde: hy begin by 'n bespreking van die geskrifte self voordat hy die sinoptiese vraagstuk behandel.

5. Die aprioristiese uitgangspunte van die twee here blyk ook baie duidelik in hul beoordeling van die interne getuienis.

So byvoorbeeld maak die histories-kritiese benadering teenoor die pneumaties-outoritêre benadering 'n groot verskil in hul onderskeie interpretasies met betrekking tot die oorlewering van die evangelie-tradisie. Waar Kümmel geïnteresseerd is om die histories-bepaalde invloede en interpretasies van die vroeg-Christelike gemeente op die Jesus-oorleweringe uit te wys, beklemtoon Guthrie dat die Jesus-oorlewering eerder die vroeg-Christelike gemeente beïnvloed het, en dus betroubaar en met die minimum verdraaiing oorgelewer is. Dit verklaar ook waarom Guthrie geneig is om sy Nuwe-Testamentiese geskrifte vroeër as Kümmel te dateer (dit sluit ook aan by hul onderskeie sieninge oor apostoliese outeurskap) Die uitsondering op die reël is egter die grootste deel van die Pauliniese korpus, waar hulle grootliks ooreenstem oor outeurskap en datering.

Soms is daar basiese ooreenstemmings in die beoordeling van die interne getuienis, byvoorbeeld dat die gnostiek 'n invloed gehad het op die Johannes-evangelie. Sodra daar egter afleidings gemaak moet word uit hierdie gegewens (selfs ten opsigte van sake waaroor hulle dit eens is), vind ons dat elkeen dit interpreteer volgens sy grond-ingesteldheid. So byvoorbeeld is Kümmel se slotsom 'n laat datering, en Guthrie s'n vroeë datering vir die Jakobusbrief, ten spyte van ooreenstemmings met betrekking tot 'n vervolgingsituasie as agtergrond, geen verwysings na die val van Jerusalem nie, en die goeie Grieks van die brief. Dit is duidelik dat hul oordeel subjektief bepaal is. Hoe anders kan die feit verklaar word dat hulle met dieselfde taal, styl en teologie van 'n betrokke geskrif voor hulle tot totaal verskillende gevolgtrekkings kom?

6. Uiteindelik is dit onvermydelik dat ons verskillende prentjies met betrekking tot die ontstaan van die Nuwe Testament by hierdie twee Nuwe-Testamentici aantref. Kümmel veronderstel 'n relatief lang tydperk van mondelinge tradisie vir die sinoptiese evangelies,

waarin die tradisie wysigings en veranderings ondergaan het op grond van gemeente-teologie en Sitz im Leben. Die basiese bronne was Mk en Q (skriftelik), asook persoonlike mondelinge tradisies wat elke skrywer tot sy beskikking gehad het. Die evangelies het dan tussen 65-100 tot stand gekom. Hierteenoor veronderstel Guthrie 'n korter mondelinge fase van die sinoptiese oorlewering, en dat daar min beïnvloeding plaasgeving het. Hy sien ook Mk en Q (mondelings) as die primêre bronne. Hy dateer die sinoptiese evangelies tussen 60-90 n.C., hoewel hy die moontlikheid ooplaat dat almal voor 70 geskryf kon gewees het. Kümmel dateer die egte Paulus-briewe tussen 50-60, en die pseudonieme Paulus-briewe aan die einde van die eerste eeu. Guthrie aanvaar al Paulus se briewe as eg, en dateer hulle tussen 50-60. Waar Kümmel die Johannese geskrifte tussen 95-110 dateer, dateer Guthrie hulle tussen 95-100.

Dit is dus duidelik dat Kümmel se histories-kritiese en Guthrie se pneumaties-konserwatiewe benaderings hulle onderskeie resultate vooraf bepaal. Die implikasies daarvan vir ons wetenskapsbeoefening en waarheidsbegrip kan nou uitgespel word.

## 4. ONS WETENSKAP EN ONS WAARHEID!

Ons word gedwing tot die slotsom dat 'n objektiewe waarheidsbegrip in werklikheid nie bestaan nie (wat myns insiens deur bogenoemde betoog bevestig is) en daarom 'n doodloopstraat is waarvan ons reeds vele wrange vrugte gepluk het (vgl die spanning en verskeurdheid in die kerk as gevolg van die verabsolutering van 'n "sekere waarheid"). Sowel die histories-kritiese (met sy oor-presiesheid en historiese positivisme) as die pneumaties-outoritêre (met sy onkritiese vertikale positivisme) benaderings is skuldig aan 'n objektiewe waarheidsbegrip. Aan die ander kant moet ons ook 'n subjektiewe waarheidsbegrip vermy, waarin alles verval tot 'n volslae relativisme, waarvan die uiteinde sinloosheid en anargie is. Daarom sal ons waarheidsbegrip geherdefinieer moet word, en is die voorstel van 'n relasionele waarheidsbegrip 'n sinvolle moontlikheid. Dit is immers duidelik uit die betoog dat ons alleen maar kan praat van óns wetenskap en óns waarheid. Daar bestaan nie iets soos dié wetenskap of dié waarheid nie; dit bestaan alleen in 'n onlosmaaklike verhouding tot ons (die betrokke subjekte).

Interessant genoeg is hierdie erkenning van die relasionele aard van waarheid in die laaste paar dekades vanuit verskillende oorde en vakwetenskappe onderskryf. In aansluiting by die wetenskap-filosofiese inisiatiewe het daar onder meer ook uit die kommunikasiekunde en

tekswetenskappe stemme opgegaan om waarheid as 'n sosio-kommunikatiewe verskynsel te beskryf (vgl Plett 1975:99-102). Ook die taalwetenskap (en by name die semantiek) het 'n onverkwiklike en uitsiglose toutrekkery gehad tussen 'n objektiewe en subjektiewe taal- en kommunikasie-begrip. Sommige het die sintakties-semantiese aspek van taal (dit is die konkrete woorde en sinne met hul eie vaste objektiewe betekenis) verabsoluteer, terwyl andere die semantiese aspek (dit is die mens en sy subjektiewe interpretasie) verabsoluteer het. Vandag word erken dat taal en betekenis alleen vanuit 'n kommunikatiewe proses verstaan kan word, waar tekens/sintaks en betekenis/semantiek onlosmaaklik in verhouding tot mekaar staan. Ook vanuit die onlangse resepsie-estetika word die verskynsel van meerduidigheid (multiple-meaning and -interpretation) alleen bevredigend verklaar vanuit 'n sosio-kommunikatiewe of pragma-semantiese taalbegrip. Die beslissende en onlosmaaklike rol van die psigo-, sosiologies- en histories-bepaalde mens word beklemtoon vir alle interaksie en kommunikasie met die wêreld (vgl my artikel in Neotestamentica 19, 8-10).

Die parallelle tussen die kommunikasieproses (waar dit gaan om die skepping en interpretasie van betekenis) en die beoordeling van waarheid (waar dit ook gaan om die interpretasie en beoordeling van verskynsels) is voor die hand liggend. Albei is wesenlik 'n relasionele proses van interaksie tussen subjek en objek.

Hiermee word dan 'n subjektiewe sowel as 'n objektiewe waarheidsbegrip verwerp, en word daar probeer om minstens 'n stap vorentoe te gee in ons soeke na waarheid. Die vraag is nou hoe hierdie relasionele aard van die subjek-objek-verhouding in ons wetenskapsbeoefening gestalte kan kry?

1. Eerstens beteken dit dat lidmate en teoloë bewus sal moet wees van die relasionele aard van waarheid. Dit impliseer dat daar voortdurend rekening gehou moet word daarmee dat 'n saak minstens drie kante het: my kant, die ander kant, en die regte kant. Die volle waarheid, dit wil sê die regte kant, is egter buite die mens se bereik.

2. Omdat die waarheid altyd in relasie tot die mens en sy psigo-, sosiologiese en historiese bepaaldheid staan, moet dit almal daartoe bring om hul voorveronderstellings deeglik te verantwoord (vgl Van Huyssteen 1983a:296-311). Deur slegs dit te doen, sal daar 'n reusetree vooruit gegee word, en kan probeer word om

onverantwoorde voorveronderstellings uit die weg te ruim, en na 'n gespreksbasis gesoek word.

3. Hieruit vloei voort dat ons soeke na waarheid alleen sinvol is in gesprek met mekaar. 'n Sieklike onttrekking of vermyding van almal wat met "ons" verskil, loop noodwendig uit in die doodloopstraat van 'n objektiewe waarheidsbegrip wat juis (ironies genoeg) die prooi word van grenslose subjektivisme.

4. In bogenoemde gesprek sal daar eers konsensus verkry moet word oor enkele voorveronderstellings en riglyne. Dit sluit byvoorbeeld die aanvaarding in van die relasionele aard van waarheid, begrondende argumentasie as gesprekswyse en probleem-oplossende potensiaal of werklikheidsrelevansie, as maatstaf vir evaluering van hipoteses (vgl my artikel in Scriptura 11, 1948:74-5, asook Van Huyssteen 1983b:204-8). Sonder konsensus oor sulke primêre ondernemings is enige gesprek totaal sinloos en uitsigloos.

5. Daar moet aanvaar word dat ons antwoorde dus voorlopig en onvolmaak is. Dit sal daartoe lei dat gespreksgenote die kompleksiteit en veelkleurigheid sal erken van die werklikheid waarin ons leef, en ook terselfdertyd teenoorgestelde standpunte sal eerbiedig.

6. In die beoordeling van begrondende argumentasie sal daar egter op een of ander wyse kriteria neergelê moet word om die argumentasie te beoordeel. J M Ross het in sy artikel The use of evidence in New Testament Studies (1976:214-21) myns insiens sinvolle riglyne gegee wat ons vooruit kan help om argumente en hipotetes te beoordeel. Hy voer aan, na aanleiding van die Regswetenskap, dat ons sogenaamde getuienis in ons argumentasie klassifiseer op 'n glyskaal. Hierdie glyskaal sluit die volgende klassifikasies van inligting in: beslissende, oortuigende, suggererende, neutrale en irrelevante getuienis. Uiteraard is daar leemtes in so 'n klassifikasie, aangesien die beoordeling van getuienis nog altyd subjektief kan wees, terwyl die kategorieë ook nie waterdig van mekaar geskei kan word nie. Veral die definisie van beslissende getuienis kan problematies wees, aangesien 'n gebeurtenis of saak nog altyd deur die waarnemer geïnterpreteer word, en hy/sy nie altyd bewus is al die feite nie. Nietemin is hierdie klassifikasie en beoordeling van getuienis uiters waardevol. So vind ons dat Kümmel en Guthrie dikwels van suggererende en neutrale getuienis (wat meer as een moontlike interpretasie het) gebruik maak om hul standpunte te bevestig. 'n Pragtige voorbeeld hiervan is byvoorbeeld hul onderskeie

beoordelings van die neutraal-suggererende getuienis van woordelikse ooreenstemming van 'n vers of twee tussen twee afsonderlike geskrifte. Hierdie getuienis sou òf kon suggereer dat dit dieselfde skrywer is wat iets herhaal, òf dat een van die outeurs 'n afskrywer is. Albei interpretasies is moontlik. Kümmel en Guthrie gebruik egter hierdie getuienis om tot teenoorgestelde gevolgtrekkings te kom, waardeur hulle myns insiens die Nuwe-Testamentiese Inleidingswetenskap 'n onguns aandoen. Dit sou van groter waarde wees as hulle sou erken dat die betrokke getuienis suggererende of neutrale getuienis is, wat meer as een interpretasie-moontlikheid het.

7. In die lig van bogenoemde voorveronderstellings word 'n gespreksbasis en ruimte geskep wat 'n totale relativisme en subjektiewe waarheidsbegrip uitsluit. Juis binne hierdie interrelasie tussen subjek en objek, asook tussen subjek en subjek word daar kontroles ingebou wat absolutisme en relativisme hokslaan.

## 5. TEN SLOTTE

Die mens se kennis van waarheid is dus nòg absoluut, nòg relatief, maar relasioneel. Dit geld vir lidmate, wetenskaplikes en teoloë. Dit sluit inderdaad aan by die wese van die Christendom, minstens, as Jesus Christus vir ons die waarheid is. Juis Hy het totale afhanklikheid van en liefde teenoor God, asook onvoorwaardelike liefde teenoor sy medemens geleer en konkreet gedemonstreer. Hy kan en wil ons juis bevrý van absolute antwoorde (=gode), en ons die openheid en bevryding gee om met 'n rein/eerlike hart te soek na God se koninkryk/waarheid van geregtigheid en liefde. Grondliggend hieraan is die eskatologiese paradigma van die Nuwe Testament wat die aanbreek van God se koninkryk onlosmaaklik aan die voleinding van die wêreld koppel. Daarom moet ons ons weerhou daarvan om ons te kompromitteer aan menslik feilbare antwoorde soos apartheid, integrasie, kapitalisme, sosialisme, konserwatisme, liberalisme, objektivisme en relativisme. Die mens (wedergebore en Skrifgetroue Christene inkluis en by name) het nie finale antwoorde nie: enersyds weens hul beperktheid en sondigheid, en andersyds juis weens hul navolging van die eskatologiese lering en voorbeeld van hul leermeester, Jesus Christus. Daarom weet Christene dat hulle nie weet nie. As ons dan as Christene van ons valse sekerhede en hoogheidswaan bevry is, kan ons met ons hele hart (vreugde), verstand (openheid) en al ons kragte - ja, met ons hele wese - soekers wees na God se koninkryk ... totdat hy kom.

## LITERATUUR

God met ons. Over de aard van het Schriftgezag. Special Kerkinformatie 113 (1981). Utrecht: Tijl-Libertas.

Guthrie, D 1970. New Testament Introduction. London: Intervarsity.

Kümmel, W G 1975. Introduction to the New Testament. (Translated by H C Kee from the German Einleitung in das Neue Testament, 17th fully revised edition of the study initiated by P Feine and J Behm). London: SCM.

Plett, H F 1975. Textwissenschaft und Textanalyse. Semiotik, Linguistik, Rhetorik. Heidelberg: Quelle & Meyer.

Ross, J M 1976. The Use of Evidence in New Testament Studies. Theology 79, 214-21.

Rousseau, J 1984. Die Nuwe Testament - Gesagsbron vir 'n Christelike Veelgodedom? Scriptura 11, 50-78.

Rousseau, J 1985. The Communication of Ancient Canonized Texts. Neotestamentica.

Van Huyssteen, J W V & B J du Toit 1982. Geloof en Skrifgesag. 'n Analise van die Skrifgesagprobleem na aanleiding van die rapport God met Ons. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Huyssteen, J W V 1983a. Thomas S Kuhn en die vraag na die herkoms van ons teologiese denkmodelle. NGTT. 24, 296-311.

Van Huyssteen, J W V 1983b. Rasionaliteit en Kreatiwiteit - Ontwerp vir 'n Kritiese , Konstruktiewe Teologie. Koers 48, 195-213.